**VRYDAG 2 JANUARIE**

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 12:8-15 (DEUT. 17:16)**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 12:13-15**

## Abdon – Waarvoor sal jy onthou wil word?

Ná Jefta word die name van die volgende drie rigters ingeryg sonder dat ons eintlik veel van hulle regering hoor. Opvallend is die feit dat hulle vir baie kort tye regeer, en dan lees ons net dat hulle sterf en begrawe word.

Abdon word egter onthou vir sy baie seuns en kleinseuns en dan veral die spesiale nota dat hulle almal op jong donkies gery het. In ons dae klink dit nie so fantasties nie, maar destyds was dit ’n teken van rykdom as jy ’n donkie kon ry. Wat dan nog van 70 jong donkies! In ons terme miskien iets soos 60 opgewarmde BMW’s of iets dergelyks.

Mens wonder onwillekeurig aan die dinge waaraan mense jou sal onthou. Vir goeie selfbeheersing en ander vrug van die Gees, of vir materiële besit en spandabelrigheid. Sal mense jou onthou vir jou bydrae tot die opbou van die land, die samelewing en die kerk, of vir die status wat jy in wêreldse terme opgebou het?

Jesus Christus word nie onthou vir materiële dinge, sportprestasies of sy sjarme nie, maar wel vir die reddingsdade waarmee Hy ons van die sonde en ewige dood gered het. Daarvoor moes Hy homself verloën en sy lewe verloor, maar Hy regeer daarom, in teenstelling met die agt jaar van Abdon, ook vir ewig en altyd.

Laat ons dus liewer lewe soos mense wat onthou wil word vir die bydrae wat ons in die koninkryk van God gemaak het, of dit groot is of klein.

*Sing: Skrifberyming 14-1:3*

*Ds. Maarten van Helden (Centurion)*